Vestiging van gebedsgroepe

In gemeentes en die werksplek

Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle. (Matt.18:19-20)

Bid en vir julle sal gegee word. (Matt.7:7)

God was verbaas dat niemand tussenbeide getree het nie. (Jes.59:16)

Julle het nie omdat julle nie bid nie. (Jak.4:3)

'n Mens moet altyd aanhou bid sonder om moedeloos te word. (Luk.18:1)

As julle dag en nag bid, sal Ek regmaak wat verkeerd is. (Luk.18:7)

Laat ons dan met vrymoedigheid na die genadetroon gaan om op die regte tyd gehelp te word. (Heb.4:16)

Ek het iemand gesoek om vir die stad in die bres te tree. (Eseg.22:30)

Praktiese Riglyne

1. Soek minstens een ander persoon in jou werksomgewing of onder jou vriende met wie jy kan saam bid. Vra individue een vir een om te kom saambid.
2. Begin om een keer per week saam te kom om te bid. Indien julle na 'n aantal weke voel om dit meer as een keer 'n week te maak, doen dit dan net eers twee keer per week. Baie gebedsgroepe stagneer en loop dood omdat mense probeer om elke dag vir gebed bymekaar te kom. Dit werk selde.
3. Indien julle 'n gebedsgroep in die werkplek vestig, maak seker dat julle voor werk of tydens middagete of teetyd bymekaar kom of in uiterste gevalle binne werkstyd, maar dan met die duidelike toestemming en ondersteuning van die werkgewer.
4. Neem ongeveer 30 minute vir gebed wanneer julle 'n gebedsgroep in die werkplek vestig. Andersins is 'n uur tot 'n uur en 'n half genoeg.
5. Moet asseblief nie begin om "sprekers" te reël nie. Dit is 'n gebedstyd. Sprekers preek die gebed dood en later kom niemand nie.

6. Lees ‘n paar toepaslike Skrifgedeeltes. Maak hoogstens een of twee opmerkings daaroor. (Moenie meer as 5 minute daaraan spandeer nie.) Daar is wel plek vir iemand om ‘n opmerking oor gebed te maak – iets wat hy/sy geleer het of voel om oor te dra.
7. Dit is belangrik om tyd te gee vir 1-2 getuienisse van antwoorde op gebed. Dit is egter belangrik dat dit ‘n *getuienis* moet wees en *nie ‘n preek nie.*
8. Skep geleentheid aan die begin waar mense gebedsversoeke kan gee. Waak daarteen om *nét* vir persoonlike versoeke en al die siek mense te bid. Ons gebedsverantwoordelikheid is groter as dit.
9. As julle besluit om koffie/tee te drink by die geleentheid, doen dit *ná* die tyd. Maak eers julle gebedstyd klaar en hou die gesels en koffie/tee vir na die gebedstyd.
10. Probeer sover moontlik om elke persoon in die gebedsgroep te kry om vir minstens 3 ongeredde persone te bid (vriende, familie, kontakte in die werkplek, ens.)
11. Wees *gefokus* in julle gebedstyd.
    a. Bid vir sake rakende julle werksplek (besluite wat geneem moet word, krisisse, kontak met mense na buite, ens.);
    b. Elke lid van die groep bid vir die redding van 2-3 persone;
    c. Bid vir persoonlike behoeftes;
    d. Die regering;
    e. Minstens een relevante saak wat daardie week in die nuus is en wat die lewens van mense in die land raak;
    f. Ander sake wat julle voel die Here op julle hart lê om voor te bid.

    Moenie probeer om elke keer oor *ál* hierdie sake te bid nie. Dit sal meer as genoeg wees om 3-4 sake te neem en daarvoor te bid.
12. Daar is verskillende praktiese maniere om te bid. Daar is plek vir *spontane gebed* – gee tyd vir mense om te bid soos wat hulle wil, een na die ander. Indien dit ‘n groep van 8 of meer mense is, deel hulle in *groepe van 3* en bid vir die verskillende sake. Jy kan een of twee spesifieke *individue direk vra* om vir ‘n bepaalde saak te bid. Almal kan *gelyktydig* bid (nie alle mense is gemaklik daarmee nie, maar in sommige groepe sal dit werk). Dit is gewoonlik goed om ‘n *kombinasie* van hierdie tipes gebed in ‘n spesifieke gebedstyd te gebruik. *Sang* is ook ‘n vorm van gebed. Moenie binne hierdie situasie meer as 2-3 liedere sing nie. Te veel sang beperk die gebedstyd.

13. Moedig mense aan om die *Skrif te bid*. Daar is ‘n verskeidenheid boeke beskikbaar om hiermee te help. Daar is ook talle boekies met Skrifbeloftes wat met groot vrug gebruik kan word.

Kontak Jerigo Mure indien meer inligting verlang word.

JERIGO MURE
GEBEDSNETWERK

www.jwipn.com / info@jwipn.com / 012-3653213